Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig

Sondag, 22 November 2026
KERSSANGDIENS

In u lig, sien ons die lig!

I. *"In die begin, … het God gesê: 'Laat daar lig wees!' En daar was lig…"*
(Genesis 1:1-5)
"In die begin was die Woord… in Hom was lewe, en dié lewe was die lig vir die mense. Die lig skyn in die duisternis, en die duisternis kon dit nie uitdoof nie."
(Johannes 1:1-5)
"Here, tot aan die hemel reik u troue liefde… in u lig, sien ons die lig"
(Psalm 36:6-10)

II. *"Die mens en sy vrou het vir die Here God weggekruip in die tuin. Die Here het na die mens geroep: 'Waar is jy?' … 'Het jy van die boom geëet waaroor Ek jou beveel het?'"*
(Genesis 3:8-11)
"Dis die oordeel: Die lig het in die wêreld gekom, maar mense het die duisternis liefgehad."
(Johannes 3:19)
"Die volk wat in die duisternis ronddwaal, het 'n groot lig gesien!"
(Jesaja 9:1)

III. *"Jesus is in Betlehem, Judea, gebore, in die dae van koning Herodes, en kyk, daar het sterrekenners uit die Ooste in Jerusalem aangekom… Toe hulle die ster sien, het hulle 'n onbeskryflike groot vreugde ervaar."*
(Matteus 2:1, 10)

IV. *"Toe het daar 'n indrukwekkende teken in die hemel verskyn: 'n vrou beklee met die son, met die maan onder haar voete, en op haar kop 'n kroon van twaalf sterre… Sy het geboorte geskenk aan 'n manlike kind, bestem om die nasies te regeer…"*
(Openbaring 12:1, 5)
"Vroeër was julle duisternis, maar nou, in die Here, is julle lig. Leef as kinders van die lig!"
(Efesiërs 5:8)

Die verhaal van lig en donkerte – die stryd tussen goed en kwaad, tussen God en die Bose – strek van Genesis 1 tot Openbaring 22 en loop deur vier groot temas: skepping, sondeval, verlossing, voleinding. Vanoggend volg ons daardie spoor deur Woord en lied. Gepas, want hierdie laaste Sondag vóór Advent, heet "Stir up Sunday"; 'n heenwysing na die eerste bede van Psalm 80:2 – *"Ontwaak Here, en kom tot ons redding!"* Dié desperate roep na God by die jaareinde, in ons vermoeidheid en hartseer, kom op uit 'n "heilige onrus" dat alles nie is soos wat dit bedoel was; dis ook 'n wakkerroep na onsself en aansporing om weer moed te skep, op te staan, vol te hou om goed te doen, liefde te betoon en God te eer!

JL.

Hartlik welkom by ons Kerssangdiens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout, die ander musikante en die sanggroep Kilimandjaro uit Botshabelo. By die deure word die Liturgie uitgedeel en is 'n Liedboek of Bybel beskikbaar – neem gerus.

LITURGIE

Die volledige liturgie vir ons erediens (verloop en besonderhede), word in die meegaande blaadjie gegee – neem gerus een en doen mee.



Die foto voorop ons Liturgie vanoggend, is afgelope Maandag, 16 November, geneem, toe 'n "solar halo" in die noordelike dele van ons land verskyn het, helder oordag. Dit word veroorsaak deur wolkformasies vol seshoekige yskristalle wat op 'n hoogte van ± 10 km saamkom en waardeur die son se strale dan breek en as't ware gebuig word tot 'n volronde "reënboog", wat selfs donkerder na die binnekant kan lyk, asof daar 'n klein opening is waardeur die son skyn – 'n merkwaardige natuurverskynsel...

Hoe het die ou Profete verwag, sou die Lig lyk wat deur die diep duisternis sal breek?
Hoe het die vrou bekleë met die son in die visioen op Patmos gelyk?
Hoe het die ster van Betlehem gelyk?

Ander Eredienste:

Sondag, 22 Nov.	Geen aanddiens vanaand.
Sondag, 29 Nov.	09:30 – Ds Jan Lubbe: 1e Advent – Openbaring 12 (Dankie sê-diens & kerkraadsbevestiging). 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens). 18:00 – Ds Jan Lubbe: Diens van Woord, stilte en gebed (Taizé en Jaarwydingsdiens).
Sondag, 6 Des.	09:30 – Ds Janke Hurter (2e Advent).
Sondag, 13 Des.	09:30 – Prof. Jan-Albert van den Berg (3e Advent).
Woensdag, 16 Des	09:00 – Ds Jan Lubbe (Versoeningsdag)
Sondag, 20 Des.	09:30 – Prof. Hermie van Zyl (4e Advent).
Vrydag, 25. Des.	09:00 – Ds Jan Lubbe (Kersdiens).
Sondag, 27 Des.	09:30 – Prof. Martin Laubscher.
Donderdag, 31 Des	18:00 – Ds Jan Lubbe.
Sondag, 3 Jan.	09:30 – Ds Jan Lubbe.
Sondag, 10 Jan.	09:30 – Ds Janke Hurter.

Ons kategese vir die jaar 2026 het mooi afgesluit –
Indien jy as ouer of vrywilliger volgende jaar met ons jeugbediening en kategese wil kom help, kontak asb die leraars en ons sal jou graag in die span betrek.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

23 Nov. Ilse de Beer, Vanessa Johnson en Jaco Thom.
24 Nov. Riana Johnson, Eben Joubert, Hugo en Marius Theunissen.
25 Nov. Corné Franken en Peet Spies.
26 Nov. Dirk Nel en Johan van Rooyen.
27 Nov. Armand Botha, Marianne Brink, Ina Fenwick en Jan Jacobsz.
28 Nov. Susan Beukes en Carien van Zyl.

Ons gebede is verder vir almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Tannie Lettie Kok (Doringlaan 2, Noorderbloem, wyk 17); Louis Kruger (Strydfontein, wyk 13); Twanette Koekemoer (Genl. Conroystr. 44, wyk 9b) en Nadiha Visser (Genl. Van Schoorstr. 31, wyk 3a). Ons dink aan almal wat 'n siek of verswakte familielid ondersteun; mag jul die nodige krag ontvang, en die nabyheid van die Here beleef.

Saterdagoggend vroeg, 21 November, het Lienkie Marais van ons heengegaan. Ons innigste meelewing aan ds Johan, Irene en Dries, Petrus en Mieke, Helena, Oom Kobie en Tannie Irene Breedt, Oom Piet en Tannie Henette Marais, hul hele familie en vriendekring.
Ons as gemeente treur saam.
Ds Johan Marais is met langverlof.
Verdere reëlings sal deurgegee word.

Vir Pastorale Sorg:
As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak ds Jan Lubbe (082 784 9362) wat tans ons pastorale werk koördineer, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES
Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Ons Woensdagaand-Bybelstudiegroep (jongmense en die res) sluit hierdie **Dinsdagaand**, 24 November om 18:00 af – almal word daarheen uitgenooi, in die Jeugkamer & saal.
Die Donderdagoggend-Bybelstudiegroep sluit 26 November om 09:00 af.
Alle reëlings word in die groepe deurgegee.

KERKRAADSAKE

Kerkraad: Foto, bevestiging en afsluiting
Alle Kerkraadslede – huidiges, uittredendes, nuutverkose lede – word herinner aan volgende Sondag, 29 November se foto, die oggend om 09:00 (stiptelik); dan die bevestiging van nuwe

ouderlinge en diakens in die erediens; ná die diens ‘n kort beplanningsgesprek vir almal; en dan om 12:00 ‘n groot bring-en-braai vir alle kerkraadslede en hul gesinne of vriende. Ons sorg vir die vuur, tafels en stoele, slaai en broodjies en poeding; elkeen bring eie vleis, drinkgoed, borde en eetgerei. Bevestig asb. jou (en jou gesin, indien van toepassing) se teenwoordigheid **vóór Donderdag, 26 November om 12:00** – ons moet getalle vasmaak.

Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:
In November sorg **Wyke 4** en **5** (westelike hange van Grant’s Hill, agter die kerk om) vir ons gasvryheid; Sondae met tee en koffie in die binnehof en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Indien jy hiermee wil help, kontak die kerkkantoor (073 180 3193).

BEDIENINGE

GETUIENISBEDIENING (Woord én brood)
Gemeentemark – laaste vir 2026:
Komende Vrydag, 27 November, vind ons laaste Gemeentemark vir die jaar plaas – as jy nog goeie bruikbare klere of kombuisware wil bring, welkom; of kom help sommer net. Kontak Jaco van Niekerk (078-991-8013).
Vrydagmiddag is daar ook ‘n tweedehandse meubelmark by Siësta – kom ondersteun gerus.

Siësta Brose Bejaardesorg:
Soos in die verlede wil ons weer vir Kersfees aan elk van Siësta se inwoners ‘n geskenkpakkie gee met persoonlike versorgingsmiddele (sepie, sjampoe, tandepasta, handeroom ens.) – bring bydraes asb na die Kerkkantoor vóór 27/11.

Naaldwerkklas:
Vanjaar se Naaldwerkklasse vir Huishulpe sluit op Dinsdagmiddag, 24 November om 14:00 af; enigeen wat dit wil bywoon, is hartlik welkom – kom kyk gerus na ons trotse handewerk! Kontak Marina Hegter by 083 740 3481 vir meer inligting.

Kersliedere by Preller Walk:
Die Timoteus Uitreik nooi enigeen (werkgewers en werknemers) uit om Woensdagoggend, 25 November om 10:00 saam Kersliedere te kom sing by Preller Walk. Enige instrument vir begeleiding ook welkom, van ‘n trompie tot ‘n snaar. U kan ‘n Bybel as geskenk saambring; ons versprei dit onder die werkers. Ons kom 09:45 voor PnP bymekaar om instrumente te stem. Laat weet dr. Andries Hoffman (072- 4358 959) van jou deelname.

Torings van Hoop se Kersete:
Voorbereidings word getref vir die jaarlikse Kersdiens en -ete by Tweetoringkerk, op Kersdag, Vrydag 25 Desember. Skenkings van nie-bederfbare voedsel & bestanddele is welkom; hulp met die opdiening ook – kontak ons Kerkkantoor indien jy hier is en kan kom help.

EREDIENSKOLLEKTE: ‘n LIEFDESGAWE

SnapScan

Die eredienskollekte op ‘n Sondagoggend en -aand, is ‘n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee ‘n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/ projek vir daardie Sondag – vanoggend, 22 November: **Vennootskappe – Reformed Church in Zambia.** U kan ‘n dankoffer via eft of SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005).**